| ***FIELA SE KIND, DIE DRAMA*: 'N SKOLEBESPREKING** |
|---|
| **1. GENRE** |
| Drama |
| **2. NAAM / TITEL VAN DRAMA** |
| *Fiela se kind, die drama* |
| **3. OUTEUR** |
| Dalene Matthee<br>Vir die verhoog verwerk deur Suzanne van Wijk |
| **4. VERTELPERSPEKTIEF** |
| Eerste bedryf – derdepersoonsverteller<br>Tweede en derde bedryf – eerstepersoonsverteller- die gebeure word deur Fiela en Lukas / Benjamin se gedagtes weergegee. |
| **5. VOLGORDE** |
| Chronologies |
| **6. DIALOOG / MONOLOOG** |
| Dit is die **dialoog** tussen die karakters / wat die mense vir mekaar sê.<br>Soms is dit 'n **monoloog**, byvoorbeeld as Elias vir die toeskouer inligting gee. |
| **7. HANDELING** |
| Alles wat die karakter op die verhoog doen: bewegings, liggaamshouding, gebare en gesigsuitdrukkings |
| **8. NEWETEKS** |
| Dit is die teks tussen hakies wat skuinsgedruk is. Die neweteks gee vir die toneelspelers aanduidings om die drama op die verhoog op te voer. |
| **9. KARAKTERS EN KARAKTERBEELDING** |
| Hoe leer ken ons 'n karakter?<br>❖ Deur wat die karakter van homself sê<br>❖ Deur wat ander van hom sê (karakteropenbarende dialoog)<br>❖ Deur wat die karakter doen (hoe hanteer hulle konflik?)<br>❖ Name: <u>Benjamin</u> is 'n Bybelse naam wat ook verander is:<br>    ▪ Ragel het haar en Jakob se seun Ben Oni genoem (pyn / smart)<br>    ▪ Jakob verander sy naam na Benjamin, wat voorspoed beteken |
| **9.1 HOOFKARAKTER / PROTAGONIS**<br>Benjamin Komoetie – Hy hou nie van agter draf nie. Hy is wit. |
| **9.2 NEWEKARAKTERS**<br>Fiela Komoetie – positief, sterk<br>Selling Komoetie – sieklik, saggeaard<br>Dawid – doodgebyt deur spinnekop<br>Tollie – in tronk omdat hy iemand met 'n mes gesteek het<br>Kittie – skryf brief aan Benjamin<br>Emma – geen dialoog<br>Bartha van Rooyen<br>Elias van Rooyen – lui<br>Nina van Rooyen – baba |

| |
|---|
| Willem (6)<br>Kristoffel (5)<br>Lukas (3) – weggeraak op drie jaar |
| **9.3 HOOFANTAGONIS**<br>Elias van Rooyen – Hy wil waens en deurkosyne maak, maar hyself is te lui / wil hê sy drie seuns moet dit doen. “Ek sien ’n hond loop weg, maar ’n hond loop weer terug ook.” (Hy verwys na Lukas.) |
| **9.4 ANDER KARAKTERS**<br>Sensusopnemers – die Lange / die Dikke<br>Magistraat – Mr Goldsbury<br>Tant Malie<br>Tant Gertjie<br>Sofie<br>Martiens<br>Skoonmaker – in hof<br>Konstabel – in bos / Knysna<br>Kaliel September – roeier<br>John (Mister) Benn<br>Miss Weatherbury<br>Armstrong – veldkornet<br>Die Boswagter, Mr Kapp<br>Joop Stoep – staan in vir Lukas as roeier |
| **10. WAT IS ’N DRAMA?** |
| Die woord *drama* is afgelei van ’n Griekse woord wat “handeling” beteken. Die storie word deur middel van ’n verhoogopvoering met dialoog aan die gehoor “vertel”. |

| **10.1 STRUKTUUR VAN DIE DRAMA** | ***Fiela se kind, die drama*** | **Bladsynommers** |
|---|---|---|
| **BEDRYF EEN**<br>▪ **EKSPOSISIE** | Ons leer ken die tyd, plek, atmosfeer en mense se probleme.<br>**DIE BOS**<br>Ons leer ken die Van Rooyens wie se seun Lukas in die digte mis weggeraak het.<br>**DIE LANGE KLOOF** (die plaas, Wolwekraal)<br>Ons leer ken die Komoeties by wie Benjamin grootgeword het. | **42–48** |
| ▪ **MOTORIESE ELEMENT** | Die begin van die opbou van spanning.<br>Sensusopnemers, die Lange en die Dikke, | **48–66** |

| | | |
|---|---|---|
| | arriveer met 'n perdekar op die plaas om die inwoners te tel.<br>Die sensusmanne stel hulle nie eers voor aan Fiela nie. Sy noem hulle die Lange en die Dikke. | |
| **BEDRYF TWEE (67–90)**<br>**BEDRYF DRIE (91–116)**<br>▪ **VERWIKKELING** | Die Van Rooyens gaan Knysna toe om Benjamin uit te ken. | **67–105** |
| ▪ **KRISISFASE / WENDING** | Lukas raak verlief op Nina, sy suster. Lukas besef dat hy nié Lukas of Benjamin is nie. Hy vertel vir Fiela van sy identiteitskrisis. Sy stuur hom om vir Bartha te gaan vra of hy haar verlore kind is. | **106–108** |
| ▪ **KLIMAKS**<br><br>**Bartha ERKEN – *admits* – dat sy nie vir Lukas HERKEN – *recognised* – het nie.** | Lukas vra Bartha of hy haar seun is en sy sê dat hy wel Lukas is.<br>Lukas gaan vra 'n tweede keer wéér vir Bartha of hy haar seun is, en dan erken sy uit haar eie dat die <u>Lange</u> vir haar gesê het dat sy die een met die blou hempie aan moet kies. Bartha ERKEN dat sy Lukas nie HERKEN het nie. | **110–111**<br><br><br>**113** |
| ▪ **ONTKNOPING** | Lukas besluit wie hy is. Hy kies om Benjamin Komoetie, Fiela se kind, te wees. Nou kan hy en Nina trou. | **116** |

| **11. INTRIGE / DRAMATIESE VERLOOP** |
|---|
| **BEDRYF EEN (42–48)**<br>❖ **EKSPOSISIE**<br>▪ Lukas van Rooyen (3 jaar oud) verdwyn in die mistige bos waar olifante ook 'n groot gevaar is. Malie, tant Gertjie en Sophie help soek na Lukas. Hulle aanvaar agt dae later dat hy dood is, omdat hy nie so lank sonder kos en water kon oorleef het nie. Sewe maande later kry hulle die beendere van 'n klein kind of 'n bobbejaan in die opdrifsels van die rivier. Hulle begrawe dit en aanvaar dat Lukas |

dood is. Nina van Rooyen is nog ’n baba, Willem is 6 en Kristoffel 5. Elias is nie baie hardwerkend nie.

- Die gelowige Fiela Komoetie woon op die plaas Wolwekraal in die Lange Kloof saam met haar kinders Dawid, Tollie, Kittie en Emma. Sy kry een aand ’n kind van drie jaar by haar voordeur. Sy neem hom as haar hanskind in en noem hom Benjamin.
- Fiela en Selling (haar man) werk hard en begin met ’n volstruisboerdery. Sy het die wyfie Pollie vir Skopper (die mannetjie) gekoop. Hulle is ’n vrolike, gelukkige gesin.
- Fiela kan lees en skryf en het al haar kinders se geboortes en haar en Selling se troudag voor in die Bybel opgeteken. Fiela het die plaas van haar pa geërf.
- Voorbereiding op die naderende onheil:
  - Fiela sê dat die valk haar mooiste kuiken gevang het, ten spyte van die feit dat sy hulle mooi toegemaak het. (Verwys na Benjamin wat weggevat gaan word.)
  - Die perdekar ry op en af in die Kloof ... en draai op na Fiela-hulle toe.
  - Dis ironies dat die sensusmanne wat soos predikers lyk, Fiela se kind gaan vat.

❖ **MOTORIESE ELEMENT**

- <u>Nege jaar</u> later kom die sensusopnemers by Fiela en Selling aan en sien die wit kind Benjamin.
- Fiela bid dat die volstruise uit die kamp moet breek en die kinders weglok van die huis af, sodat die sensusopnemers nie die wit kind Benjamin moet sien nie, maar Benjamin kom later met sy skuitjie aangedraf. Dadelik dink die sensusopnemers aan Lukas van Rooyen, die seuntjie wat nege jaar vantevore in die bos weggeraak het.
- Die boswagter het vir die Van Rooyens gaan vertel dat hulle in die hof moet verskyn om die kind uit te ken.
- Fiela berei Benjamin voor vir sy verskyning voor die Van Rooyens by die magistraat. Sy koop ’n nuwe blou hemp en gee hom vyf sjielings om te wys dat die Komoeties nie kaalgatte is nie.

**BEDRYF TWEE (67–90)**
**BEDRYF DRIE (91–116)**

❖ **VERWIKKELING**

- Die uitkenningsparade by die magistraat in Knysna vind plaas. Hulle kry Elias en Bartha van Rooyen om Benjamin uit te ken as Lukas, hul kind wat weggeraak het. Die Lange fluister vir die vreesbevange Bartha dat die kind wat by die Komoeties gevind is, die een is met die blou hempie aan en sy wys hom aan as haar kind.
- Benjamin word in die hof deur Bartha as Lukas geïdentifiseer en in die bos deur (Elias en Bartha van Rooyen) “gevange gehou”.
- Benjamin word aan die Van Rooyens gegee en word Lukas van Rooyen.

- Elias glo dit is sy seun, omdat Bartha hom uitgeken het. Hy jok vir Mr Kapp, die boswagter, as hy kom vra hoe dit met Lukas gaan. LUKAS WAS NIE TEVREDE NIE!
- Bartha weet in haar hart dat dit nie haar kind is nie. Sy het net na hom gewys, omdat sy baie bang was in die hof en die Lange vir haar gesê het dat die kind wat by die Komoeties gekry is, ’n blou hempie aan het.
- Fiela probeer hom terugkry, maar sonder sukses. Die magistraat verbied haar om na die Van Rooyens toe te gaan, maar sy gaan soek Benjamin daar. Ongelukkig is hy nie daar as sy daar kom nie en Elias jaag Fiela weg. Lukas is baie hartseer as hy sy kombers en volstruiseier sien wat Fiela by die Van Rooyens gelaat het.
- Tussen Benjamin en Nina van Rooyen word ’n sterk vriendskapsband gesmee.
- Lukas bly <u>7 jaar</u> in die bos.
- Hy word met ’n osriem deur Elias geslaan as hy wil wegloop en gedwing om hout te kap en balke te saag.
- Lukas slaan ook vir Nina erg en sny sommer haar hare met ’n mes af.
- Lukas is baie ongelukkig daar en verlang elke dag na die Komoeties.
- Nina word Knysna toe gestuur om kinders te gaan oppas. Elias kry egter die geld wat sy verdien. Sy is baie kwaad, omdat sy moet gaan. Sy steek haar mondfluitjie en die botteltjies weg.
- Sewe jaar later loop Nina weg en gaan werk by Miss Weatherbury as ’n geselskapdame en stuur nie meer haar geld na die bosmense toe nie.
- Elias stuur Lukas om na Nina te gaan soek in Knysna en die geld te kry.
- Lukas vind Nina by Miss Weatherbury. Sy het vir Nina werk gegee, omdat sy hulp benodig het, maar ook om Nina bietjie mooi maniere te leer en in ’n dame te verander. Sy leer haar ook hoe om borduurwerk te doen. Sy is bekommerd, omdat Nina soms die bosse inloop.
- Lukas besluit self om ook nie weer terug te gaan bos toe nie. Hy sien die spookskip by Noetzie en hou van die see. Hy ontmoet die veldkornet Mr Armstrong wat die spookskip moet oppas.
- Lukas geniet dit om in die lug op te kyk en die sterre te sien. In die bos was die sterre nie sigbaar nie.
- Kaliel September leer Lukas roei en Lukas word ’n roeier by John Benn in Knysna. Hy geniet die strand, die see en stel belang in bote. Hy vermoed dat sy regte pa dalk ’n matroos was. Lukas bly by Kaliel. Kaliel vertel hom van die stoomskepe of koolvreters. Hy wil op die Lord of the Isles gaan werk.

❖ **KRISIS**

- Lukas raak verlief op Nina, sy suster.
- Lukas gaan kuier by Fiela en Selling in die Lange Kloof.
- Hy besef hy is nie Lukas van Rooyen óf Benjamin Komoetie (Fiela se kind) nie.
- Fiela voel “bloed sou bloed gekeer het” as hy Nina se broer was. Sy sê dat net Bartha kan sê of Lukas haar kind is of nie.

❖ **KLIMAKS**

- Lukas konfronteer Bartha <u>twee keer</u> om die waarheid uit haar te kry, want hy is verlief op Nina van Rooyen, sy suster, en daarom wil hy die waarheid weet.
- Die eerste keer jok sy vir hom, maar die tweede keer erken sy dat die Lange gefluister het dat dit die seun met die blou hempie aan is wat van die Komoeties af kom, en dat dit die rede is waarom sy hom gekies het. Bartha <u>erken</u> dat sy hom nie <u>herken</u> het nie. Sy was vreesbevange en baie bang, omdat dit die eerste keer in haar lewe was dat sy in die dorp gekom het.
- Lukas is baie kwaad. "Een man se wil. Een man se mag. Ek kan hom met my kaal hande vermoor. Die een met die blou hempie aan. Een simpele sin ... Ek is niemand."

❖ **ONTKNOPING**

- Lukas besluit hy wil Benjamin Komoetie wees.
- Hy wil met Nina trou en op die plaas in die Lange Kloof gaan woon, grond wat Fiela vir hom gekoop het.

## 12. RUIMTE / AGTERGROND / MILIEU

a. **DIE LANGE KLOOF** (barre en harde wêreld, maar met baie lig en oop ruimtes)

Die plaas Wolwekraal, plat Karoo-wêreld. Benjamin het hier by Fiela grootgeword.
Die Komoeties simboliseer liefde, harde werk, deernis, omgee en veiligheid. Hulle is eerbare, christelike en hardwerkende mense.

b. **DIE KNYSNABOS** (vrugbare, donker bos / ruig en ondeurdringbaar / olifante is 'n gevaar)

Die armoedige bosbewoners, die Van Rooyens, simboliseer luiheid, liefdeloosheid en kindermishandeling.

c. **DIE SEERUIMTE – KNYSNA**

- <u>Tweede bedryf:</u> Die begin (67)
  Dit is waar die magistraat Benjamin van Fiela af weggeneem het.
- <u>Derde bedryf:</u> Die einde (91)
  Dit is waar Lukas vir Nina gaan soek het en verlief geraak het.
  Lukas het besluit om hier te bly en het saam met Kaliel September vir John Benn geroei.

## 13. AGTERGROND

- Die verhaal is gebaseer op die waarheid wat Dalene Mathee tydens navorsing oor die Knysnabos te wete gekom het. Sy het die roman *Fiela se kind* geskryf.
- Hilary Matthee en Suzanne van Wijk het die roman verkort en *Fiela se kind, die drama* geskryf. Suzanne van Wijk het dit vir die verhoog verwerk.

## 14. KONFLIK

| INTERN | EKSTERN |
|---|---|
| Benjamin / Lukas (wroeging) | Benjamin<br>– magistraat<br>– Elias<br>– sensusmanne |

| | |
|---|---|
| Fiela (wroeging) | Fiela<br>– magistraat<br>– Elias en Bartha<br>– sensusmanne 2 keer |
| **15. KWESSIES IN DIE SAMELEWING** | |
| **15.1 Identiteitsverwarring** | Benjamin word Lukas |
| **15.2 Kind uit bekende omgewing verwyder** | Benjamin word by Fiela weggevat en vir die Van Rooyens gegee |
| **15.3 Kindermishandeling / verwaarlosing** | Elias laat die kinders hard werk; hy slaan hulle, verwaarloos hulle, mishandel hulle emosioneel en stuur Nina weg om te gaan geld verdien as kinderoppasser in Knysna. |
| **15.4 Die effek van donkerte op die psige** | Karoo-ruimte (oop en lig) versus die bosruimte (donker en klam) |
| **16. SIMBOLE** | |
| **a. RUIMTES** | |
| ▪ **Die Lange Kloof** | Fiela en haar gesin se goeie, liefdevolle lewe / hulle is gelowig en werk hard. |
| ▪ **Knysnabos** | Van Rooyens se sukkelende lewe. Elias is lui en nie ’n goeie pa nie. Hy slaan en verskree sy kinders en laat hulle balke saag op die steiers. |
| **b. NINA SE BOTTELTJIES** | Nina maak musiek op die botteltjies as sy daarop blaas. Dit is simbolies van haar drang om weg te kom uit die bos. Aan die einde van die drama begrawe sy dit vir altyd, omdat sy nooit weer in die bos gaan bly nie. |
| **c. BENJAMIN SE DUBBELE NAAM** | Dit is simbolies van sy identiteitsverwarring. Hy wil weet of hy Lukas of Benjamin is. As hy hoor dat Bartha hom nie regtig as haar kind herken het nie, is hy verlig, want nou kan hy weer Benjamin wees en met Nina trou. |
| **17. TEMAS / HOOFGEDAGTES** | |
| **a.** Die mens se soeke na identiteit: Lukas / Benjamin raak verlief op Nina, sy Van Rooyen-suster. Hy voel dat bloed bloed sou gekeer het en wil daarom weet of hy Lukas is. Aan die einde weet hy dat hy nóg Lukas nóg Benjamin is. Hy kies egter om Benjamin Komoetie te wees en met Nina te trou. Hy voel gelukkig by die Komoeties. | |
| **b.** Mense word gestereotipeer volgens hul kleur – die owerheid besluit dat ’n wit kind nie by ’n bruin familie mag bly nie. Daarom het die magistraat Benjamin vir die Van Rooyens, wie se kind weggeraak het, gegee. Bruin mense moes wit mense “baas” noem. | |
| **17.1 Die mens is uitgelewer aan die mag van:** | **In *Fiela se kind*:** |

| | |
|---|---|
| ▪ **Besluite van iemand anders**<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>▪ **Die owerhede wat jou lewe beheer** | Een man, die lang sensusman, het besluit om vir Bartha te sê dat sy die seun met die "blou hempie aan moet kies", want dit was die seun wat by Fiela gevind is. Benjamin was uitgelewer aan die Lange se besluit en moes by die Van Rooyens swaarkry en mishandeling verduur. Hy was magteloos.<br>Fiela – beveg die vooroordeel dat 'n wit kind nie by bruin mense kan grootword nie.<br>Nina – uitgelewer aan haar pa Elias van Rooyen se geweld, mishandeling en vernedering om te gaan werk sodat hy geld kan kry. Hy was lui, gierig en selfsugtig.<br>Bruin mense moes wit mense "baas" noem.<br>Die bruin mense is uitgelewer aan die genade van die wit Britse regering se besluite. |
| **MAAR ...** | |
| **17.2 Die mens kan hul lot in hul eie hande neem en hul lot oorwin! Hy kan besluite neem om homself gelukkig te maak.** | Lukas besluit om weer Benjamin Komoetie te word en Nina gaan ook nie weer terug na die bos toe nie. |
| **18. DIE BOODSKAP** | |
| **Wat is die lewenswaarhede of insigte waartoe jy kom nadat jy *Fiela se kind, die drama* gelees of gekyk het?** | |
| **18.1** Moenie mense op grond van ras of klas stereotipeer nie. | |
| **18.2** Een mens se besluit kan noodlottige gevolge vir ander hê. | |
| **18.3** 'n Mens kan jou moeilike omstandighede oorwin. | |
| **18.4** Identiteitskrisis?<br>▪ Soek jou eie identiteit<br>▪ Kies wie / wat jy is<br>▪ Aanvaar wie / wat jy is | |
| **19. TYDSVERLOOP** | |
| Vertelde tyd: Dit speel af oor 17 jaar (1865–1882).<br>Verteltyd: Twee uur wat in drie bedrywe ingedeel is.<br>Tydspronge verkort die vertelde tyd na twee uur wat op die verhoog opgevoer word. | |
| **20. BEDRYWE** | |
| ▪ **1 (42–69)** | ▪ Lukas verdwyn in die bos (3 jaar oud).<br>▪ Benjamin weggevat by Fiela, omdat hy wit is en sy bruin. Owerhede dink dis Lukas wat destyds weggeraak het in die bos en deur Fiela grootgemaak is. |
| ▪ **2 (67–90)** | ▪ Benjamin transformeer na Lukas van Rooyen in die bos.<br>▪ Fiela se stryd teen die owerhede om Benjamin terug te kry. |
| ▪ **3 (91–116)** | ▪ Lukas nou 'n volwasse man. |

| | |
|---|---|
| | ▪ Lukas se stryd om sy plek in die samelewing te vind. Is hy Lukas of is hy Benjamin?<br>▪ Lukas vind uit dat hy nie Bartha en Elias van Rooyen se seun is nie.<br>▪ Hy kies om weer Benjamin Komoetie te word en kan dan met Nina van Rooyen trou. Ons vermoed dat hy en Nina in die Lange Kloof gaan vestig op die grond wat Fiela vir hom gekoop het. |
| **21. MOTIEWE** | |
| **21.1 BUITESTAANDERSKAP** | ▪ Benjamin is ’n buitestaander by die Van Rooyens. Hy pas nooit in die bos aan nie. |
| | ▪ Nina voel soos ’n vreemdeling vir haar familie. Sy is anders as hulle en haar ouers verstaan haar glad nie. As sy gedwing word om haar geliefde bos te verlaat en in die dorp te gaan werk, bevind sy haar weer in ’n vreemde plek tussen vreemde mense met vreemde gewoontes. |
| **21.2 DIE STREWE NA ’N IDEAAL WAT ELKE KEER MISLUK** | ▪ Lukas se strewe om uit te vind wie hy regtig is bepaal die verloop van die drama. Eers strewe hy net om met Fiela herenig te word by Wolwekraal, maar die strewe groei om uit te vind wie hy is en waar hy regtig hoort. |
| | ▪ Fiela se strewe na geluk was om haar hanskind Benjamin terug te kry. |